



B
sk
sk
st
wa
ve

RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

re 1982 JUN 30

ni 1984 -07- 31

gr 1984 -08- 1

In 1986 -04- 30
ste 07 MAR 1988
bev
imp
dat 1988 -03- 9

w



182572204F

Hie
die

P.C.J. JORDAAN

P.C.J. JORDAAN

0 0 0 0 0 1 0 0 0 0 0

001.3072058 HSRC KOMM 24



* 0 0 1 5 8 8 *

2844363866



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

**DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP
DIE BELANGSTELLINGSPATRONE
VAN STANDERD TIEN-LEERLINGE**

J.J. DE BEER, B.Sc. (Hons.), B.Ed.

SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR
KOMMUNIKASIENAVORSING

DIREKTEUR: DR. P.C.J. JORDAAN

PRETORIA
1980

Verslag nr. **KOMM-24**

ISBN 0 86965 771 2

Kopiereg voorbehou
Prys: R2,40
(AVB ingesluit)

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
|-----------------------------|-----------------|
| 001.3072068 HSRC KOMM 24 | 51669/4 |

RGN

**RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING**

**BIBLIOTEEK
LIBRARY**

HSRC

**HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL**

1981-10-14

001.3072068
HSRC Komm 24

051669 | 4

G

ERKENNING

Die inligting wat in hierdie verslag vervat is, is verkry van projek KOMM 11 wat onderneem is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is. Data is van skole in al vier provinsies verkry.

Dank word aan die volgende persone en instansies oorgedra vir hul aandeel in die beplanning en uitvoering van die projek:

Die Komitee van Onderwyshoofde wat toestemming gegee het dat die projek geloods mag word;

die hoofde van skole en hul personeel wat as toetsafnemers opgetree het;

die skooldielkundiges van die Sielkundige en Voorligtingsdiens van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

die leerlinge wat as respondentte opgetree het; en

lede van die ad hoc-komitee wat met die beplanning van die projek behulpsaam was, naamlik:

Dr. J.D. Venter (Voorsitter) Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Prof. T.L. de Koning Randse Afrikaanse Universiteit

Dr. I.Z. Engelbrecht Departement van Nasionale Opvoeding

Prof. D. Joubert Universiteit van Stellenbosch

| | |
|------------------------|---|
| Mnr. P.W. Mans | Natalse Onderwysdepartement |
| Prof. N.J. Mentz | Transvaalse Onderwysdepartement |
| Mnr. B. Olivier | Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop |
| Mnr. D.J.L. Pretorius | SAUK |
| Mnr. F. Swanepoel | OVS-Onderwysdepartement |
| Mnr. G. Yssel | SAUK |
| Dr. D.P. Conradie | Suid-Afrikaanse Instituut vir Kommunikasienvorsing. |
| Dr. P.C.J. Jordaan | Suid-Afrikaanse Instituut vir Kommunikasienvorsing |
| Dr. C.R. Liebenberg | Suid-Afrikaanse Instituut vir Opvoedkundige Navorsing |
| Mev. E.M. Madge | Suid-Afrikaanse Instituut vir Psigologiese en Psigometriese Navorsing |
| Dr. W.L. Roos | Suid-Afrikaanse Instituut vir Mannekrag Navorsing |
| Mnr. A.R. van den Berg | Suid-Afrikaanse Instituut vir Psigologiese en Psigometriese Navorsing |

Prof. D.J. Stoker van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Statistiese Navorsing was behulpsaam met die statistiese ontleding van die data en die redaksionele werk is gedoen deur die RGN se Buro vir Ondersteunde Navorsingsdienste.

INHOUDSOPGawe

BLADSY

| | |
|-------------------|-----|
| SUMMARY/OPSOMMING | xii |
|-------------------|-----|

HOOFSTUK

| | | |
|-----|--|----|
| 1 | INLEIDING EN ACTERGROND | 1 |
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | ENKELE ASPEKTE VAN TELEVISIE AS MASSAKOMMUNIKASIEMEDIUM | 3 |
| 1.3 | DIE KIND AS TELEVISIEKYKER | 5 |
| 2 | TELEVISIE EN BELANGSTELLING | 6 |
| 2.1 | BELANGSTELLING: BEGRIPSONSKRYWING | 6 |
| 2.2 | KONSTANTHEID VAN BELANGSTELLINGS | 8 |
| 2.3 | BELANGSTELLINGS VAN DIE KIND EN SY BEROEPSKEUSE | 9 |
| 2.4 | DIE VOORSTELLING VAN DIE BEROEPSWêRELD OP TELEVISIE | 10 |
| 3 | ENKELE ONDERSOEKE WAT IN DIE BUITELAND OOR DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP BELANGSTELLINGS ONDERNEEM IS | 15 |
| 3.1 | ONDERSOEK IN DIE VSA | 15 |
| 3.2 | ONDERSOEK IN JAPAN | 15 |
| 3.3 | ONDERSOEK IN ENGELAND | 16 |

INHOUDSOPGawe (vervolg)

| | BLADSY |
|---|--------|
| 4 PROBLEEMSTELLING, DOEL EN HIPOTESE | 18 |
| 4.1 PROBLEEMSTELLING | 18 |
| 4.2 DOEL MET DIE ONDERSOEK | 19 |
| 4.3 HIPOTESE | 19 |
| 5 METODOLOGIE | 20 |
| 5.1 ACTERGROND | 20 |
| 5.2 MEETINSTRUMENTE | 20 |
| 5.2.1 <u>Enkele opmerkings oor die meting van belangstellings</u> | 21 |
| 5.2.1 (a) <u>Die 19-Veld-Belangstellingsvraelys (19-VBV)</u> | 21 |
| 5.2.1 (b) <u>Biografiese Vraelys</u> | 26 |
| 5.2.1 (c) <u>Televisievraelys</u> | 28 |
| 5.3 EKSPERIMENTELE ONTWERP | 28 |
| 5.3.1 <u>Breë tendensstudie</u> | 29 |
| 5.3.1 (a) <u>Steekproewe</u> | 29 |
| 5.3.1 (b) <u>Metode van ondersoek by die breë tendensstudie</u> | 29 |
| 5.3.2 <u>Effekstudie</u> | 36 |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

BLADSY

| | | |
|-------|---|----|
| 5.3.2 | (a) <u>Problematiek aangaande die vasstelling van die invloed van televisie</u> | 36 |
| 5.3.2 | (b) <u>Die ondersoekgroep</u> | 38 |
| 5.3.2 | (c) <u>Afparing</u> | 39 |
| 5.3.2 | (d) <u>Metode van ondersoek by die effekstudie</u> | 46 |
| 6 | BESPREKING EN INTERPRETASIE VAN DIE RESULTATE | 48 |
| 6.1 | DIE BREË TENDENSSTUDIE | 48 |
| 6.2 | DIE EFFEKTUDIE | 66 |
| 6.2.1 | <u>Velde waarin die belangstelling verander (toegeneem) het:</u> | 66 |
| 6.2.1 | (a) <u>Prakties-Vroulik (Veld 13)</u> | 79 |
| 6.2.1 | (b) <u>Regte (Veld 14)</u> | 82 |
| 6.2.2 | <u>Veld waarin die belangstelling verander (afgeneem) het:</u> | 83 |
| | <u>Welsynwerk (Veld 3)</u> | 83 |
| 7 | SAMEVATTING, AANBEVELINGS EN SLOT | 87 |
| 7.1 | DOEL | 87 |
| 7.2 | METODOLOGIE | 87 |
| 7.2.1 | <u>Breë Tendensstudie</u> | 87 |

INHOUDSOPGAVE (vervolg)

| | BLADSY |
|--|--------|
| 7.2.2 <u>Effekstudie</u> | 88 |
| 7.3 BEVINDINGS | 90 |
| 7.4 AANBEVELINGS EN SLOT | 91 |
| SYNOPSIS, RECOMMENDATIONS AND CONCLUSION | 92 |
| BIBLIOGRAFIE | 96 |

TABELLE

BLADSY

| | | |
|-----|--|----|
| 5.1 | STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET | 30 |
| 5.2 | STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1975 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET | 31 |
| 5.3 | STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1977 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET | 32 |
| 5.4 | STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1978 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET | 33 |
| 5.5 | SAMESTELLING VAN DIE 1974/1977- AFGEPAARDE GROEPE | 42 |
| 5.6 | SAMESTELLING VAN DIE 1974/1978- AFGEPAARDE GROEPE | 43 |
| 5.7 | SAMESTELLING VAN DIE 1975/1977- AFGEPAARDE GROEPE | 44 |
| 5.8 | SAMESTELLING VAN DIE 1975/1978- AFGEPAARDE GROEPE | 45 |
| 6.1 | KORRELASIES TUSSEN DIE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE EN DIE JARE WAARIN DIE OPNAMES GEDOEN IS | 50 |
| 6.2 | VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE STRAWWE KYKERS (A ₁) EN DIE VOOR-TELEVISIE= GROEP (C ₁) VIR DIE 1974/1977-AFPARING | 67 |

TABELLE (vervolg)

BLADSY

| | | |
|-----|---|----|
| 6.3 | VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV- VERSKILTELLINGS VAN DIE LIGTE KYKERS (B ₁) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C ₁) VIR DIE 1974/1977-AFPARING | 68 |
| 6.4 | VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS (D ₁) EN DIE KONTROLE VERSKILTELLINGS (E ₁) VIR DIE 1974/1977-AFPARING | 69 |
| 6.5 | VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV- TELLINGS VAN DIE STRAWWE KYKERS (A ₂) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C ₂) VIR DIE 1974/1978- AFPARING | 70 |
| 6.6 | VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV- TELLINGS VAN DIE LICTE KYKERS (B ₂) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C ₂) VIR DIE 1974/1978- AFPARING | 71 |
| 6.7 | VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS (D ₂) EN DIE KONTROLE VERSKILTELLINGS (E ₂) VIR DIE 1974/ 1978-AFPARING | 72 |
| 6.8 | VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV- TELLINGS VAN DIE STRAWWE KYKERS (A ₃) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C ₃) VIR DIE 1975/1977- AFPARING | 73 |

TABELLE (vervolg)

BLADSY

| | | |
|------|---|----|
| 6.9 | VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE LIGTE KYKERS (B ₃) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C ₃) VIR DIE 1975/1977-AFPARING | 74 |
| 6.10 | VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS (D ₃) EN DIE KONTROLE VERSKILTELLINGS (E ₃) VIR DIE 1975/1977-AFPARING | 75 |
| 6.11 | VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE STRAWWE KYKERS (A ₄) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C ₄) VIR DIE 1975/1978-AFPARING | 76 |
| 6.12 | VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE LIGTE KYKERS (B ₄) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C ₄) VIR DIE 1975/1978-AFPARING | 77 |
| 6.13 | VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS (D ₄) EN DIE KONTROLE VERSKILTELLINGS (E ₄) VIR DIE 1974/1978-AFPARING | 78 |

FIGURE

BLADSY

| | | |
|-----|---|----|
| 6.1 | 19-VBV-PROFIELE VAN VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE | 49 |
| 6.2 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 1: BEELDENDE KUNSTE | 53 |
| 6.3 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 2: KLERKLIK | 53 |
| 6.4 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 3: WELSYNWERK | 54 |
| 6.5 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 4: NATUUR | 54 |
| 6.6 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 5: UITVOERENDE KUNSTE | 55 |
| 6.7 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 6: WETENSKAP | 55 |
| 6.8 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 7: HISTORIES | 56 |

FIGURE (vervolg)

BLADSY

| | | |
|------|--|----|
| 6.9 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 8: OPENBARE OPTREDE | 56 |
| 6.10 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 9: NUMERIES | 57 |
| 6.11 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 10: GESELLIGHEID | 57 |
| 6.12 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 11: KREATIEWE DENKE | 58 |
| 6.13 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 12: RONDREIS | 58 |
| 6.14 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 13: PRAKTIES-VROULIK | 59 |
| 6.15 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 14: REGTE | 59 |
| 6.16 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 15: SPORT | 60 |

FIGURE (vervolg)

BLADSY

| | | |
|------|---|----|
| 6.17 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 16: TAAL | 60 |
| 6.18 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 17: DIENS | 61 |
| 6.19 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 18: PRAKTIES-MANLIK | 61 |
| 6.20 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 19: BESIGHEID | 62 |
| 6.21 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 20: WERK/STOKPERDJIE | 62 |
| 6.22 | GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 TOT 1978 VIR VELD 21: AKTIEF/PASSIEF | 62 |
| 6.23 | VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERI- MENTELE VERSKILTELLINGS EN DIE KONTROLE VERSKIL= 80 TELLINGS VIR DIE 1974/1977-AFPARING | |

FIGURE (vervolg)

BLADSY

- 6.24 VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE
EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS EN DIE 81
KONTROLE VERSKILTELLINGS VIR DIE 1975/1977-
AFPARING
- 6.25 VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE
EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS EN DIE 85
KONTROLE VERSKILTELLINGS VIR DIE 1974/1978-
AFPARING
- 6.26 VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE
EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS EN DIE 86
KONTROLE VERSKILTELLINGS VIR DIE 1975/1978-
AFPARING

SUMMARY

In this investigation, which forms part of a larger project being carried out by the HSRC to determine the effect of television on school-going young people, a study is made of the effect of this mass communication medium on the interest patterns of Standard Ten pupils. These pupils were first tested in 1974 and 1975 (before the introduction of television) and again in 1977 and 1978 (after television had been introduced). Pupils who do not watch television at all or for less than an hour a day on week-days and during week-ends (light viewers) were matched with a pre-television group as well as with a group that watch television for at least an hour a day on week-days and during the week-ends (heavy viewers). Differences between the mean raw scores obtained by heavy and light viewers including the pre-television group with regard to the 19 Field Interest Inventory have indicated that television has an effect on certain fields of interest of the matched groups. Television has apparently increased pupils' interest in practical female activities and in law, whereas their interest in social work has decreased. Some possible explanations for this phenomenon are offered.

OPSOMMING

In hierdie ondersoek, wat deel vorm van 'n groter projek wat deur die RGN onderneem word om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug vas te stel, word die invloed van hierdie massakommunikasiemedium op die belangstellingspatrone van standerd tien-leerlinge bestudeer. Hierdie leerlinge is in 1974 en 1975 (voor die instelling van televisie) en in 1977 en 1978 (ná die

instelling van televisie) getoets. Leerlinge wat glad nie, of minder as 'n uur per dag in die week en oor naweke televisie kyk (ligte kykers), is afgepaar met 'n voor-televisiegroep, asook met 'n groep wat een uur of langer per dag in die week en oor naweke televisie kyk (strawwe kykers). Verskille tussen die gemiddelde roupunttellings ten opsigte van die 19-Veld-Belangstellingsvraelys wat strawwe en ligte kykers, met inbegrepe van die voortelevisiegroep behaal het, dui daarop dat televisie 'n invloed het op sekere belangstellingsvelde van die afgepaarde groepe. Televisie het skynbaar leerlinge se belangstelling in prakties-vroulike aktiwiteite en in regte versterk, en in welsynwerk verswak. Enkele moontlike verklarings vir die bevindings word aangebied.

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN AGTERGROND

1.1 INLEIDING

Op aanbeveling van die Kommissie van Ondersoek insake Aangeleenthede betreffende Televisie, onderneem die Suid-Afrikaanse Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN, in samewerking met die SAUK en die verskillende onderwysdepartemente, 'n omvattende ondersoek om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug te bestudeer.

In Mei 1975 het die SAUK met die eerste toets-televisie-uitsendings begin, en op 5 Januarie 1976 het die amptelike uitsendings 'n aanvang geneem. Met die gegewens wat gedurende 1974, 1975, 1977 en 1978 onder leerlinge in provinsiale skole ingesamel is, is dit moontlik om die invloed van televisie ten opsigte van 'n verskeidenheid aspekte, onder andere die belangstellingspatrone van skoolgaande kinders, te ondersoek.

Televisie het as massakommunikasiemedium, potensieel 'n groot invloed op die mens (Van Vuuren, 1979). Hierdie invloed is waarskynlik nog groter op die kind, omdat die kind nog nie die gevestigdheid en konstantheid van voorkeure, waardes, norme en belangstellings van die volwassene het nie. Die kind kom in sy leefwêreld met allerlei maatskaplike verskynsels in aanraking, en deur middel van die massakommunikasiimedia, waaronder televisie, die radio, films en lektuur, belewe hy 'n groot deel van die samelewingsgebeure (Pasques, 1976). Roberts (in Pool en Schramm, eds., 1973) sê:

"Childhood is a period of information seeking, during which the child learns what to expect from the world, , and what the world expects of him" (p. 174).

Suid-Afrikaners het televisie in hulle leefwêreld ontvang, spesiale ruimte en tyd daarvoor ingeruim, hul meubels daarby aangepas, eetgewoontes verander, spesiale televisiestoele en -skinkborde aangekoop, en het selfs spesiale televisiekamers laat aanbou. Dit blyk uit die resultate van die RGN se 1978-opname wat onder standerd tien-leerlinge gedoen is, dat 9,86% van die respondenten wat gereeld televisie kyk, gemeld het dat hulle 'n spesiale televisiekamer besit.. Hierbenewens het 85,24% in 'n sit- of woonkamer televisie gekyk, 1,73 % in 'n slaapkamer en 1,51% in 'n eetkamer. Bykans 76% van die televisiekykers het voorts aangetoon dat hulle eet terwyl hulle televisiekyk.

'n Betreklik hoë verwagting is in die RSA aan televisie as ontspanningsmedium gestel. Conradie (1975) het in 'n voor-televsie-opname bevind dat 33,04% van die respondenten in 'n steekproef van volwasse Blanke (N = 2 500) te kenne gegee het dat vermaak- of ontspanningsprogramme die belangrikste rede sou wees waarom hulle graag televisie sou wou kyk. In hierdie verband is dit ook interessant om daarop te let dat Du Toit en Nel (1975) van mening was dat dit hoofsaaklik ontspanningsaktiwiteite sou wees, wat deur televisiekyk verlang sou word.

Behalwe 'n ontspanningsfunksie, het televisie ook die eienskap van 'n potensiële kennisbron. Televisie kan die kyker bekendstel aan inligting wat buite sy ervaring strek, en sy belangstelling in hierdie nuwigheid stimuleer. Hierbenewens kan dit ook bestaande belangstellings versterk, deurdat dit kennis oor reeds bekende onderwerpe verbreed (Himmelweit, Oppenheim en Vince, 1958 en Du Toit en Nel, 1975). Conradie (1975) het in 'n voor-televisie-opname wat in die RSA onderneem is, bevind dat 73,92% van die respondentie die verwagting gekoester het dat televisie die vermoë sou hê om nuwe belangstellings te wek.

1.2 ENKELE ASPEKTE VAN TELEVISIE AS MASSAKOMMUNIKASIEMEDIUM

Televisie moes al die skuld vir allerlei aanklagte dra, onder andere dat dit as massakommunikasiemedium bevooroordeeld, te liberaal, te konserwatief of selfs 'n berower van die mens se individualiteit is. Iewers tussen hierdie bespiegelinge moet die waarheid gesoek word (Bittner, 1977).

Die tegniese ontwikkeling van televisie het tot gevolg gehad dat die trefwydte van hierdie massakommunikasiemedium haas geen beperkinge meer het nie. Deur middel van satellietverbindings kan uitsendings direk van een land, een kultuur, een ideologie, na 'n ander oorgedra word.

Die Franse fisikus Alexandre Edmond Becquerel het in 1839 reeds sekere elektrochemiese eienskappe van lig

waargeneem. In 1884 het die Duitser Paul Nipkow 'n metode ontwikkel om 'n beeld deur middel van 'n reeks spiraalgerangskikte openinge op 'n draaiende skyf oor te dra na 'n soortgelyke skyf, en dan na 'n ontvanger te projekteer (Bittner, 1977). In 1923 het die Rus V.K. Zworykin 'n eenvoudige televisiekamera ontwerp, wat die illusie van beweging kon reflekter, terwyl die Suid-Afrikaansgebore Brit John L. Baird in 1926 die eerste volledige televisiestel gebou het (Van Vuuren, 1979).

Die jaar 1927 sal onthou word as 'n historiese hoogtepunt op die gebied van massakommunikasie toe die eerste langafstandtelevisieuitsending gebeeldsend is.

Sedertdien is televisiekameras, -ontvangstelle en -tegnieke fenomenaal verbeter en gemoderniseer.

Hierdie effektiewe kommunikasiemedium het die afgelopen paar dekades soveel veld gewen, dat dit vandag feitlik as 'n huishoudelike noodsaklikheid beskou word. In die VSA is daar byvoorbeeld teen 1949 een miljoen televisiestelle verkoop, in 1951 tien miljoen en in 1960 meer as vyftig miljoen (Van Vuuren, 1979). In die RSA is daar in die bestek van twee en 'n half jaar, meer as een miljoen televisielisensies deur die Poskantoor uitgereik (SAUK, 1980).

1.3 DIE KIND AS TELEVISIEKYKER

Televisie het dié kenmerk dat dit die kind op 'n baie jonger ouderdom as enige ander massakommunikasiemedium van mense en dinge buite sy leefwêreld bewus maak.

Die jong kind neem reeds lig, kleure en beweging op die televisieskerm waar, lank voordat hy taal of skrif kan begryp. Schramm (1960) en Himmelweit, Oppenheim en Vince (1958), wat onderskeidelik studies in die VSA en Engeland onderneem het, het bevind dat kinders tussen die ouderdomme van drie tot sestien jaar, meer tyd aan televisiekyk bestee as aan skoolgaan, trouens, die kind bestee gemiddeld ongeveer een sesde van die tyd waarin hy wakker is, aan televisiekyk, en dit is meer tyd as wat hy aan enige ander enkele aktiwiteit, behalwe slaap, bestee. Postman (1979) en ook Howe (1977) beweer dat die gemiddelde Amerikaanse kind vanaf die ouderdom vyf jaar tot agtien jaar, ongeveer 15 000 uur televisiekyk en 11 600 uur skoolgaan. Hiervolgens word dus ongeveer 30% meer tyd aan televisiekyk bestee as aan skoolgaan. Die RGN het by 'n groep standerd tien-leerlinge in 1978 ($N = 1\ 382$) gevind dat hulle gedurende weeksdae (Maandag tot Donderdag gedurende skoolkwartale) gemiddeld 1,6 uur per dag televisie gekyk het, en gemiddeld 2,8 uur per dag oor naweke. Dit kom neer op 'n gemiddelde syfer van 14,8 uur per week. Howe (1977) waarsku egter dat die syfers oor die gemiddelde aantal ure wat kinders aan televisie blootgestel is, niks sê van die individuele kind nie.

HOOFSTUK 2

TELEVISIE EN BELANGSTELLING

2.1 BELANGSTELLING: BEGRIP SOMSKRYWING

Die woord "belangstelling" is afgelei van die Latynse woorde inter (tussen) en esse (daarby te wees) (Engels: Interest) (Kriel, 1952). Belangstelling beteken dus om eksistensieel by iets betrokke te wees, deur dit binne te dring of te betree.

Kriel (1952) definieer belangstelling as 'n bepaalde psigiese toestand van die persoonlikheid waarin daar 'n neiging, strewing of dryfkrag na 'n voorwerp, saak of ideaal is, wat vir die persoon van waarde is. Dié waardebepaling geskied hoofsaaklik deur die gevoel, en belangstelling kan dus gesien word as 'n persoonlikheidshandeling, waardeur die hele persoonlikheid in die rigting van 'n bepaalde waardegebied neig. Volgens Kriel is kennis 'n voorvereiste vir belangstelling omdat die mens onverskillig staan teenoor die onbekende, maar sodra iemand kennis van 'n saak dra, raak dit sy belangstelling, en namate hy meer daarmee vertroud raak, raak hy "warmer" daarvoor.

Verskeie ander definisies word in die literatuur aangetref, en word goed verteenwoordig deur die definisie van Guilford (1959): "An interest may be defined as an individual's generalized behaviour tendency to be

attracted to a certain class of activities. The term 'attraction' signifies that the individual gives attention to, seeks out, goes toward, or strives to obtain something that has potential value to him" (p. 205).

Omdat die meeste definisies van belangstelling gegrond is op aktiwiteit, word die definisie van Alberts (1969) as werksdefinisie in hierdie ondersoek gebruik:

"Belangstelling is 'n relatief konstante positiewe of negatiewe gerigtheid teenoor 'n bepaalde aktiwiteit, en is gebaseer op die hele (totale) persoonlikheid"

(p. 18). Alberts (1969) en Lindhard en Conradie (1974) maak verder die stelling dat belangstelling direk saamhang met die bevrediging van 'n mens se behoeftes.

Sekere aktiwiteit word dan ook beoefen ten einde hierdie behoeftes te bevredig, en hieruit ontstaan 'n sekere gerigtheid teenoor hierdie aktiwiteit, wat dan as belangstelling beskou word. Joubert (1964) wys daarop dat die handelinge van die jeugdige sterk deur sy belangstellings gerig word.

Dit blyk ook uit die omskrywings van belangstelling dat 'n persoon se gerigtheid of ingesteldheid ten opsigte van 'n voorwerp of 'n saak, en die aktiwiteit wat hy daaraan sal toewy, die intensiteit van sy belangstelling daarin bepaal.

2.2 KONSTANTHEID VAN BELANGSTELLINGS

Die vraag ontstaan of belangstellings van die kind dieselfde bly soos hy opgroei, en of dit aan veranderings onderhewig is. In 'n ondersoek onder hoëskoolseuns het Arnoldi (soos aangehaal deur Nel en Sonnekus, 1959) bevind dat dié seuns se belangstellings oor 'n periode van twee tot drie jaar betreklik konstant gebly het. Die ondersoek is gedoen op beide Afrikaans- en Engels-sprekende seuns. 'n Verdere afleiding wat Arnoldi gemaak het, is dat die hoofbelangstellings van hoëskoolseuns redelik gevestig is, of dat dit min verander namate hulle opgroei.

Fryer (1931) het bevind dat die belangstellingspatrone van die laerskoolkind nog baie onstabiel is, en Strong (soos aangehaal deur Alberts, 1969) het vasgestel dat twee derdes van veranderinge in belangstellings tussen die ouderdomme $15\frac{1}{2}$ tot $18\frac{1}{2}$ jaar, en een derde tussen die ouderdomme $18\frac{1}{2}$ tot $25\frac{1}{2}$ jaar voorkom. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die belangstellingspatrone van die meeste mense op agtienjarige ouderdom relatief goed gevestig is. Wanneer kinders ouer word, raak hul denkwyses meer objektief. Dit word deur Noble (1975) toegeskryf aan die feit dat hoe ouer 'n kind word, hoe meer ankerpunte het hy in sy leefwêreld wat hom in staat stel om dinge relatief tot mekaar te vergelyk.

2.3 BELANGSTELLINGS VAN DIE KIND EN SY BEROEPSKEUSE

Naas die keuse van 'n huweliksmaat, is die keuse van 'n beroep sekerlik een van die belangrikste keuses wat die mens moet maak (Van Schalkwyk, 1975). Wanneer 'n mens voor 'n beroepskeuse te staan kom, speel belangstellings 'n wesenlike rol (kyk ook Arnoldi, soos aangehaal deur Alberts, 1969).

Hoewel belangstelling 'n belangrike determinant by beroepskeuse is, is dit nodig om in gedagte te hou dat dit nie die enigste is nie; intelligensie, aanleg en ander persoonlikheidsaspekte wat die geheelstruktuur van die persoonlikheid vorm, is ook bydraende faktore by die beroepskeuse van die kind (Alberts, 1969).

Super (1957) stem hiermee saam, en hy beskou beroepskeuse, wat onder andere op belangstelling gebaseer is, as 'n ontwikkelingsverloop, eerder as 'n tydsgebonde handeling. Persoonlikheidsontwikkeling impliseer dus ook belangstellingsontwikkeling, en belangstellings verander soos die aktiwiteite van die individuele persoon verander. Strong (soos aangehaal deur Alberts, 1969) beweer voorts dat ontwikkeling van beroepsbelangstelling ook gepaard gaan met kennis van beroepe. Hoe beter 'n leerling ingelig is betreffende die beroepswêreld, en hoe sekerder hy is wat sy eie belangstellings is, hoe groter is sy potensialiteit om sy volle wordingsmoontlikheid as volwassene later in die gemeenskap te kan bereik.

Hiervolgens wil dit voorkom dat dit nie alleen van groot belang is dat leerlinge, veral in die senior sekondêre fase (standerd agt, - nege en - tien) 'n duidelike omlyning van hul eie belangstellings behoort te hê nie (Nel en Sonnekus, 1959), maar dat hulle ook deeglik kennis dra van die beroepswêreld.

2.4 DIE VOORSTELLING VAN DIE BEROEPSWÊRELD OP TELEVISIE

Volgens verskeie outeurs (Liebert, Neale en Davidson, 1973, pp. 20-21, Himmelweit, Oppenheim en Vince, 1958, p. 83, De Fleur, 1964, p. 73) het televisie die potensiaal om die kind se kennis van die beroepswêreld aansienlik uit te brei, wat sy belangstelling hierin kan stimuleer, en uiteindelik ook 'n inslag kan vind in sy beroepskeuse (Werner, 1971).

Die vraag ontstaan egter hoe vertoon die beroepswêreld waarmee die kind deur middel van televisie kennis maak, en hoe vergelyk dit met die realiteit? De Fleur (1964) het in 'n ondersoek in die VSA bevind dat 29,3 % van programmaanbiedings wat een of meer voorstellings van 'n beroep insluit, beroepe is wat op regs- of wetstoepassing betrekking het. Die naaste aan hierdie persentasie was beroepe van mense in die vermaaklikheidswêreld (9,9 %). Hierdie voorstelling van die beroepswêreld op televisie het radikaal verskil van die werklike beroepswêreld in die staat Indiana, waar die ondersoek gedoen is (p. 63).

Behalwe dat daar 'n wanbalans tussen die kwantitatiewe samestelling van die beroepswêreld op televisie en in die werklikheid bestaan, is die stereotiepe milieu waarin televisiekarakters hulle beroepe beoefen, ook misleidend, volgens De Fleur se bevindings. Huisbediendes werk byvoorbeeld gewoonlik in luksueuse omstandighede. Die televisiekyker, veral die kind, mag die indruk kry dat huisbediendes altyd in sulke welgestelde omstandighede aangetref word, en dan mag daar later 'n assosiasie tussen huisbediendes en 'n hoë sosio-ekonomiese status gevorm word. Prokureurs en advokate is ook deurgaans in baie welgestelde omstandighede voorgestel (p. 66).

'n Verdere wanbalans kom volgens De Fleur voor in die stereotiepe wyse waarop mag ("power") aan die beoefenaars van sekere beroepe toegeken word. Na die oordeel van 'n groep kinders wat hy in 'n ondersoek betrek het, is die meeste mag toegeken aan plaasbestuurders, plaaseienaars en regters, terwyl die minste mag toegeken is aan militêre personeel (p. 70).

De Fleur onderskei ook 'n volgende wanvoorstelling van die reële beroepswêreld, deurdat sekere stereotiepe karakterienskappe by sekere beroepe in televisieprogramme in sy ondersoek aangetref is: Dokters, predikante, prokureurs, onderwysers en direkteure word nie net stereotiep welgesteld, sosiaal aangepas en intelligent voorgestel nie, maar ook deurgaans fisiek aantreklik. Prokureurs is ook gewoonlik briljant en

oorspronklik, kunstenaars opvlieënd, temperamenteel en eksentriek, polisie-amptenare gehard en dikwels brutal, speurders vindingryk en ooglopend meer suksesvol as die polisie, verpleegsters koud en onpersoonlik, joernaliste gevoëelloos en ongenaakbaar, terwyl vrugmotor- en huur-motorbestuurders meestal grof en aggressief vertoon (pp. 67-69).

Dikwels word daar ook (volgens De Fleur, 1964) van atipiese gedrag of situasies gebruik gemaak om dramatiese effekte op televisie te verkry: 'n Bankkassier wat heeldag sit en geld tel, sal 'n vaal, oninteressante indruk skep, terwyl 'n atipiese situasie soos 'n bank-roof, dieselfde bankkassier as avontuurlik en dapper sal laat voorkom. Vir dieselfde rede sal 'n klein vrugmotorbestuurder met 'n knybrilletjie min dramatiese trefkrag hê, terwyl 'n growwe, bonkige reus meer effektief agter die stuurwiel van 'n groot vrugmotor vertoon (p. 72).

Hierdie ondersoek van De Fleur in die VSA het dus die voorstelling van die beroepswêreld in Amerikaanse televisieprogramme as selektief, onrealisties, stereotiep, misleidend en dikwels atipies bevind. Hoewel die televisiediens in die RSA geensins vergelykbaar is met dié in die VSA nie, is ongeveer die helfte van die programme wat tydens hierdie ondersoek vertoon is, tóg van Amerikaanse, Engelse, Duitse of Franse oorsprong (SAUK, 1980). Die moontlike wanvoorstelling van die struktuur van die beroepswêreld op

televisie, soos deur De Fleur in die VSA bevind, kan moontlik ook in 'n mate in die RSA van toepassing wees. Die doel van televisie is sekerlik nie om 'n identiese weerspieëeling van die realiteit aan te bied nie, maar die kind mag die indruk kry dat daar meer diepseeduikers is as fabriekswerkers, meer helikopter-vlieëniers of nagklubsangeresse as winkelklerke, en hierdie wanvoorstelling kan sulke subtiele invloede op die kind uitoefen, dat dit buite die meetbare vermoëns van moderne navorsingsmetodes kan lê (Bittner, 1977).

'n Verdere vraag wat in hierdie verband ontstaan, is in watter mate kinders in staat is om tussen fantasie en realiteit te onderskei. Howe (1977) meen dat: "A major concern is that children may believe what they see on television to be an accurate guide to reality, when it is not" (p. 32). Volgens Noble (1975) blyk dat die meeste negejarige kinders nie 'n televisieprogram aan relatiewe standaarde kan meet nie. Die tienjarige kind maak ook nog grootliks op 'n subjektiewe wyse waarnemings, en dink dikwels dat karakters wat in 'n televisieprogram of 'n film uitgebeeld word, altyd op hierdie stereotiepe wyse sal optree. Noble sê voorts dat dit op twaalfjarige ouderdom vir die meeste kinders al moontlik is om hulself van 'n televisie- of film-karakter te distansieer, en deur middel van relatiewe standaarde die optrede van die karakter(s) kritis te beoordeel. Hierdie kinders kan dus al onderskei tussen fantasie en realiteit. Dertienjariges kan volgens

Noble, reeds sekere samelewingsnorme toepas ten einde te bepaal wat reg of verkeerd is in 'n televisieprogram. Kinders in hulle laat-adolessente jare (ongeveer agtienjarige ouderdom) behoort dus funksioneel tussen fantasie en die werklikheid te kan onderskei.

Alhoewel die ouer kind tussen fantasie en realiteit kan onderskei, moet die sogenaamde "sleeper effect" nie uit die oog verloor word nie: " ... with the passage of time, the identity of the communicator becomes less salient than the content of the communication" (Krech, et al. 1962, p. 232). 'n Kind kan byvoorbeeld kennis verkry van hofverrigtinge na aanleiding van 'n televisieprogram(me) waarna hy gekyk het, en later weer hierdie kennis aktualiseer, hoewel hy nie kan onthou waar hy dit verkry het nie.

Samevattend kan gesê word dat televisie 'n belangrike bron van beroepskennis vir die kind is, maar dat beroepe dikwels op 'n stereotiepe wyse uitgebeeld word. Hierbenewens moet ook in ag geneem word dat die kind, en veral die jong kind, nie altyd tussen fantasie- en realiteitsprogramme kan onderskei nie.

HOOFTUK 3

ENKELE ONDERSOEKE WAT IN DIE BUITELAND OOR DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP BELANGSTELLINGS ONDERNEEM IS

Verskeie navorsers en navorsingsinstansies in die buiteland (byvoorbeeld Himmelweit, Oppenheim en Vince, 1958; Schramm, Lyle en Parker, 1961; Liebert, Neale en Davidson, 1973; Furu, 1962 en Werner, 1971) het ondersoeke onderneem om die invloed van televisie op kinders te bestudeer. In hierdie ondersoeke is egter min aandag gegee aan die uitwerking van televisie op belangstellings. Enkele van die bevindings word vervolgens gegee.

3.1 ONDERSOEK IN DIE VSA

Schramm, Lyle en Parker (1961) het bevind dat televisie waarskynlik effektiewer is in die stimulering van nuwe belangstellings en die versterking van bestaande belangstellings, as wat dit kinders tot nuwe aktiwiteite of kreatiwiteit aanspoor.

3.2 ONDERSOEK IN JAPAN

Furu (1962) het in 'n uitgebreide ondersoek in Japan bevind dat televisie moontlik 'n stimulerende invloed op kinders se belangstelling in populêre vermaak kan hê. Hy het ook bevind dat sekere aktiwiteite, byvoorbeeld lees en huiswerk, gedeeltelik deur televisiekijk verplaas is, maar dat die tyd wat bestee word aan kreatiewe

en sosiale belangstellings, nie deur televisie beïnvloed is nie (p. 16). Furu is egter versigtig in sy uitspraak oor die effek van televisie, omdat hy van mening is dat baie ander faktore, behalwe televisie, 'n invloed op die kind mag hê.

3.3 ONDERSOEK IN ENGELAND

Himmelweit, Oppenheim en Vince (1958) het 'n ondersoek na die invloed van televisie op die belangstellings van kinders in Engeland gedoen. Volgens hierdie outeurs was die aanvanklike verwagting van die BBC dat televisie nuwe belangstellings by kinders sou stimuleer (p. v). Die bevindings waartoe hulle gekom het, is dat televisie (met die uitsondering van "broadening taste in reading") nie eintlik ("not markedly") die kulturele, intellekturele of kreatiewe belangstellings van die ondersoekgroep gestimuleer het nie.

Televisie het egter ook nie die kind se belangstellings vernou nie, en het hom ook nie passief ingestel ten opsigte van bestaande belangstellings nie. Daar is egter aanduidings gevind dat televisie in sommige gevalle, kinders se belangstelling in aktiwiteite soos besoek aan museums gestimuleer het. Dit word egter duidelik gestel dat 'n nuwe belangstelling so spoedig moontlik met aktiwiteite opgevolg moet word, anders verflou die belangstelling (p. 299). Himmelweit, Oppenheim en Vince (1958) stel dan ook voor dat verdere navorsing gedoen behoort te word oor die wyse

waarop gestimuleerde belangstellings in belangstellings-
aktiwiteit omgesit kan word. Hulle sluit die hoofstuk
oor "Cultural Interests" soos volg af: "Altogether
it is evident that much more effort will be required
on the part of research workers, producers, parents and
other members of the community, before the potentially
stimulating capacities of television are likely to be
turned by child viewers to their own cultural advantages"
(p. 299)..

HOOFTUK 4

PROBLEEMSTELLING, DOEL EN HIPOTESE

4.1 PROBLEEMSTELLING

Uit die voorafgaande hoofstukke blyk dat daar min navorsing in die buiteland oor die invloed van televisie op die belangstellings van kinders gedoen is. Voorts blyk ook dat daar by die navorsing oor hierdie onderwerp, onder andere die volgende leemtes voorgekom het:

- (a) Gebrek aan suiwer kontrolegroepes, dit wil sê leerlinge wat glad nie televisie kyk nie (vgl. Gerbner, et al., 1978).
- (b) Gebrek aan die gebruik van gestandaardiseerde meetinstrumente.

Afgesien van bovermelde leemtes, is aanduidings tóg in hierdie ondersoek gevind dat televisie wél 'n rol speel by die belangstellings van kinders. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die bevindings van buitelandse navorsers, nie sonder meer op die situasie in Suid-Afrika van toepassing gemaak kan word nie. Uitsprake oor, en bevindings ten opsigte van die invloed van televisie, impliseer direkte of indirekte kommentaar op die betrokke samelewning, en is ook ten nouste verbonde met die gemeenskap en kultuur waarbinne televisie as massakommunikasiemedium funksioneer. Suid-Afrika verskil

nie net kultureel van die buiteland nie, maar ons televisiediens het ook 'n eiesoortige karakter '(Du Preez, 1979), en verskil van buitenlandse dienste onder andere ten opsigte van programinhoud, aantal kanale en kyktye.

Suid-Afrika is die laaste Westers-geindustrialiseerde gemeenskap wat televisie ingestel het en 'n unieke navorsingsgeleentheid het hier ontstaan deurdat opnames onder skoolkinders begin kon word vóórdat die uitsending van televisieprogramme 'n aanvang geneem het. Voor- en na-televisionopnames bied 'n besondere geleentheid vir die navorsing om die invloed van televisie op die kind te bestudeer.

4.2 DOEL MET DIE ONDERSOEK

Die doel met die ondersoek is om vas te stel of televisie 'n invloed het op die belangstellingspatrone van standerd tien-leerlinge.

4.3 HIPOTESE

Television het 'n invloed op standerd tien-leerlinge se belangstellingspatrone, soos gemitteer deur die 19-Veld-Belangstellingsvraelys.

HOOFSTUK 5

METODÖLOGIE

5.1 AGTERGROND

Hierdie navorsing vorm deel van die groter projek wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, in samewerking met die vier provinsiale onderwysdepartemente en die SAUK, onderneem word om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug te bestudeer.

Die insameling van die gegewens strek oor 'n termyn van agt jaar (1974 - 1981) en word uitgevoer op leerlinge van standerd drie tot standerd tien. Van die standerd drie- en standerd ses-leerlinge wat by die eerste opname in 1974 ingesluit was, word jaarliks opgevolg totdat hulle matriek bereik (opvolgleerlinge). Vir kontrole-doeleindes word elke jaar ook 'n aantal leerlinge getoets wat nog nie voorheen aan die projek se toetse deelgeneem het nie (kontroleleerlinge). In hierdie ondersoek na die invloed van televisie op standerd tien-leerlinge se belangstellingspatrone, word slegs gebruik gemaak van die kontroleleerlinge.

5.2 MEETINSTRUMENTE

Vir die doel van hierdie ondersoek is van gegewens gebruik gemaak wat met behulp van die 19-Veld-Belangstellingsvraelys, die Biografiese Vraelys en die Televisievraelys

ingewin is. Alvorens meer besonderhede oor hierdie meetinstrumente verskaf word, is dit nodig om enkele opmerkings oor die meting van belangstellings te maak.

5.2.1 Enkele opmerkings oor die meting van belangstellings

Die metodes van meting van belangstellings word deur Kriel (1952) verdeel in subjektiewe en objektiewe metodes. Onder subjektiewe metodes onderskei hy die vraagmetode, waarderingskaal en die vraelys. Die vraagmetode is egter dikwels onbetroubaar, kunsmatig en unrealisties (Anastasi, soos aangehaal deur Alberts, 1969), terwyl die waarderingskaal weer dikwels oordeelfoute tot gevolg het (Alberts, 1969). Onder objektiewe metodes ressorteer Kriel (1952) aktiwiteitsontleding, die prestasie- of informasietoets, die vrye-assosiasie=metode, woord-assosiasieleertoets, materiaal-afleidings=toets, asook ander objektiewe maatstawwe. Van al hierdie metodes beskou Alberts (1969) 'n vraelys as die effektiefste meetinstrument vir belangstellings.

Vir die doeleindes van hierdie studie is besluit om van die vraelys metode gebruik te maak, en by nadere ondersoek het geblyk dat die 19-Veld-Belangstellingsvraelys die geskikste meetinstrument is.

5.2.1 (a) Die 19-Veld-Belangstellingsvraelys (19-VBV)

Die 19-VBV is 'n gestandaardiseerde vraelys van die RGN, en is ontwikkel deur Fouché en Alberts (1971)

vir Suid-Afrikaanse omstandighede. Dit het sy ontstaan gehad uit verskeie ander belangstellingsvraelyste soos die GSZ (18 velde), Kuder Preference Record (10 velde), Strong (11 velde), Thurstone (10 velde), Lee Thorpe (6 velde), Work Interest Index (12 velde), Berufs-Interessen-Test (9 velde) en die CV (12 velde) (Alberts, 1969).

Die 19-VBV is spesifieker ontwerp vir die meting van beroepsbelangstellings van hoërskoolleerlinge in standerd agt, nege en tien, asook vir studente en volwassenes, ten einde hulle in te lig aangaande hul belangstellingsrigtings, sodat 'n sekerder beroepskeuse en/of studierigting gekies kan word. Die vraelys meet 19 breë belangstellingsrigtings of -velde, asook die mate waarin die respondent aktief of passief in die velde belangstel, en ook of sy belangstellings werk- of stokperdjiegerig is.

Die belangstellingsvelde word numeries van 1 tot 19 genommer met veld 20 as werk/stokperdjiegerigheid en veld 21 as aktief/passief-ingesteldheid. Die betroubaarheid (graad van akkuraatheid en konstantheid) van die 19-VBV, wat volgens die halfverdelingsmetode bereken is, is baie hoog (deurgaans hoër as 0,8) (Handleiding vir die 19-Veld-Belangstellingsvraelys, Fouché en Alberts, 1971).

Die veldes meet belangstellingsgerigtheid ten opsigte van die volgende aspekte:

| Veld | Meet belangstelling in: |
|------------------------------------|---|
| 1. Beeldende kunste | Skilder, beeldhou, sketswerk, advertensie-ontwerp en handelskuns |
| 2. Klerklik | Kontrole oor voorrade, tik, liassing en algemene administratiewe kantoorwerk |
| 3. Welsynwerk | Lewering van diens aan hulpbehoewendes soos blindes, dowses, ongehude moeders, bejaardes en minderbevoerige kinders |
| 4. Natuur | Buitenshuise aktiwiteite soos landbou, veeteelt en bosbou |
| 5. Uitvoerende kunste | Musiek, sang, ballet, opera en operette |
| 6. Wetenskap *(Natuurwetenskap) | Fisiiese en biologiese wetenskappe soos chemiese analise, sterrekunde, bakteriologie, kernfisika en geneeskunde |

*Natuurwetenskap is moontlik 'n beter benaming vir hierdie veld.

| Veld | Meet belangstellings in: |
|----------------------|---|
| 7. Histories | Besoek aan slagvelde, museums, forte en kerke, lees van historiese literatuur, versameling van voorwerpe met antieke waarde |
| 8. Openbare optrede | Toesprake lewer, debatte en politieke pleidooie |
| 9. Numeries | Gebruik van toepassing van getalle, wiskundige berekenings, statistiese verwerking, kosteberekening, ouditering en kontrole |
| 10. Geselligheid | Onthaal van gaste, sosiale byeenkomste, partytjies |
| 11. Kreatiewe denke | Oplos van vraagstukke, logiese en oorspronklike redenasies, skeppende werk, teoretiseer |
| 12. Rondreis | Reisagent, toeriste-oorde besoek, toere |
| 13. Prakties-Vroulik | Huishouding, kleremaak, breiwerk, algemene huishoudelike take |

| Veld | Meet belangstellings in: |
|---------------------|---|
| 14. Regte | Bestudering en toepassing van wette en regsbeginsels |
| 15. Sport | Atletiek, branderplankry, trampolienspring, swem, krieket of sagtebal; muurbal, duik, bofbal, sokker of netbal, rugby of korfbal, fietsry |
| 16. Taal | Letterkunde, skryf van verhale, artikels, rubriek en opstelle, poësie, taalkunde |
| 17. Diens | Diens aan nie-hulpbehoewende persone soos verrig deur kelners, haarkappers/sters, verkeersbeamptes, lugwaardin of vlugkelner, winkelklerke en kondukteurs |
| 18. Prakties-Manlik | Hantering van gereedskap, praktiese herstelwerk en houtwerk |
| 19. Besigheid | Handelsbelangstellings soos aandelespekulasie, koop en verkoop van artikels, sakeondernemings, eiendomspekulasie |

(Aangepas by die Handleiding vir die 19-Veld-Belangstellingsvraelys, Fouché en Alberts, 1971.)

Die minimum en maksimum tellings wat 'n respondent op velde 1 tot 19 kan behaal is 0 en 45 respektiewelik, en 0 en 20 op velde 20 en 21.

5.2.1 (b) Biografiese Vrae

Die Biografiese Vrae is ontwerp deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGK ten einde soveel moontlike relevante biografiese gegewens van die respondentte te bekomen. Die volgende vrae is gebruik:

7. Wat wil jy eendag word? ...

(As jy nog nie besluit het nie, skryf: Ek weet nie.)

Die antwoorde van die respondentte op hierdie vraag is soos volg gekategoriseer:

- a. Professionele, tegniese en verwante werker
- b. Administratiewe, uitvoerende en besturende werker
- c. Klerklike werker
- d. Verkoopswerker
- e. Werkers in boerdery, bosbou, vissery, jag
- f. Myn-, steengroefwerker
- g. Vervoer-, en kommunikasiewerker
- h. Vakman, produksiewerker en arbeider
- i. Diens-, sport- en ontspanningswerker

(Hierdie kategorieë is verkry van die Departement van Statistiek). Vir die doel-eindes van hierdie ondersoek is kategorieë a tot d saamgegroepeer as 'n "hoe beroepskeuse", kategorieë e tot i as 'n "lae beroepskeuse", terwyl dié respondente wat nog nie op 'n beroep besluit het nie, as 'n "onsekere beroepskeuse" geklassifiseer is.

9. Merk in watter standerd jy is.

10. Ek is 'n seun/meisie.

11. Watter taal praat jy die meeste by die huis?

53. Toon aan watter vak(ke) jy neem:

| | |
|----------|--------|
| Wiskunde | Ja/nee |
|----------|--------|

| | |
|--|--------|
| 'n Derde taal, byvoorbeeld Latyn, Duits, Frans, ensovoorts | Ja/Nee |
|--|--------|

| | |
|-------------|--------|
| Geskiedenis | Ja/Nee |
|-------------|--------|

| | |
|---------------|--------|
| Aardrykskunde | Ja/Nee |
|---------------|--------|

| | |
|----------|--------|
| Biologie | Ja/Nee |
|----------|--------|

| | |
|---------------------|--------|
| Natuur-en-Skeikunde | Ja/Nee |
|---------------------|--------|

5.2.1 (c) Televisievraelys

Hierdie vraelys is deur die RGN se Suid-Afrikaanse Instituut vir Kommunikasienavorsing saamgestel met die doel om 'n aanduiding te verkry van die televisiekgewoontes, programvoorseure, ensovoorts, van die respondent. Die volgende vrae is gebruik:

7. Hoeveel uur per dag kyk jy gewoonlik televisie (Maandae tot Donderdae) gedurende skoolkwartale?
8. Hoeveel uur per dag kyk jy gewoonlik oor naweke televisie (Vrydae tot Sondae) gedurende skoolkwartale?
17. Hoe lank het julle gesin al 'n televisiestel in die huis?

5.3 EKSPERIMENTELE ONTWERP

Die gegewens wat tydens die ondersoek ingesamel is, is op tweeërlei wyses ontleed. In die eerste plek is nagegaan of daar oor die tydperk van 1974 tot 1978 enige veranderinge voorgekom het in die belangstellingspatrone (soos gemeet deur die 19-VBV) van die standerd tien-leerlinge (breë tendensstudie). Hierna is die invloed van televisie op diestelfde belangstellingsvelde ondersoek (effekstudie).

5.3.1 Breë tendensstudie

5.3.1 (a) Steekproewe

Die data wat vir die breë tendensstudie gebruik is, is gedurende 1974, 1975, 1977 en 1978 onder Blanke standerd tien-leerlinge ingesamel tydens omvattende opnames wat in provinsiale skole in die vier provinsies van die RSA gedoen is. Die nodige getalle ten opsigte van die Blanke skoolbevolking wat by die jaarlikse steekproeftrekking gebruik is, is in 1973 op versoek van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN, amptelik deur die vier provinsiale onderwysdepartemente voorsien.

Met behulp van hierdie inligting is die steekproewe gestratifiseer volgens streek (stedelike/nie-stedelike ligging van skole wat deur die leerlinge bygewoon is), geslag, taal waarin leerlinge onderrig ontvang en provinsie waarin die skole geleë is (Tabelle 5.1, 5.2, 5.3 en 5.4, waar f die verkreë frekwensies, en f' die verwagte frekwensies is, volgens die onderwysdepartemente se amptelike gegewens).

5.3.1 (b) Metode van ondersoek by die breë tendensstudie

Korrelasies is bereken (vir elke belangstellingsveld afsonderlik) tussen die roupunttellings wat die respondentie op die 19-VBV behaal het, en die jare (1974, 1975, 1977 en 1978) waarin die opnames

TABEL 5.1

STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD TIEN-LEERLINGE VAN 1974 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET
(N=1 159)

| Streek | Geslag | Taal | Provincie | f | Verhouding | f' (benader) | f - f' | $\frac{(f - f')^2}{f}$ |
|---------------|---------|-----------|-----------|-----|------------|--------------|--------|------------------------|
| Stedelik | Seuns | Afrikaans | Tvl | 119 | 0,1043 | 121 | 2 | 0,0331 |
| | | | OVS | 13 | 0,0114 | 13 | 0 | 0,0000 |
| | | | Natal | 6 | 0,0071 | 8 | 2 | 0,5000 |
| | | | Kaap | 33 | 0,0271 | 31 | 2 | 0,1290 |
| | | Engels | Tvl | 68 | 0,0679 | 79 | 11 | 1,5316 |
| | | | OVS | 3 | 0,0029 | 3 | 0 | 0,0000 |
| | | | Natal | 43 | 0,0322 | 37 | 6 | 0,9730 |
| | | | Kaap | 49 | 0,0386 | 45 | 4 | 0,3556 |
| | Meisies | Afrikaans | Tvl | 119 | 0,0979 | 113 | 6 | 0,3186 |
| | | | OVS | 17 | 0,0114 | 13 | 4 | 1,2306 |
| | | | Natal | 6 | 0,0064 | 7 | 1 | 0,1429 |
| | | | Kaap | 33 | 0,0271 | 31 | 2 | 0,1290 |
| | | Engels | Tvl | 66 | 0,0636 | 74 | 8 | 0,8649 |
| | | | OVS | 2 | 0,0021 | 2 | 0 | 0,0000 |
| | | | Natal | 37 | 0,0293 | 34 | 3 | 0,2647 |
| | | | Kaap | 41 | 0,0379 | 44 | 3 | 0,2045 |
| Nico-stedelik | Seuns | Afrikaans | Tvl | 101 | 0,0850 | 99 | 2 | 0,0202 |
| | | | OVS | 33 | 0,0279 | 32 | 1 | 0,0313 |
| | | | Natal | 13 | 0,0093 | 11 | 2 | 0,3636 |
| | | | Kaap | 81 | 0,0607 | 70 | 11 | 1,7286 |
| | | Engels | Tvl | 2 | 0,0129 | 15 | 13 | 11,2667 |
